MANNE-ONTBYT: HANGKLIP

Die ontbyt wat die Hangklip manne met liefde en vernuf voorberei, is vanjaar op 26 Mei. Kaartjies is R70 en is by die kerkkantoor of Van As Jordaan (0769736697) of Chris Schnetler (0721793400) beskikbaar.

GEBEDFOKUS

Ons bid saam met die gebedsgroep:

- Vir die predikers wat die Pinksterbidure moet lei vir geestelike verheldering sodat hulle die Woord suiwer aan ons kan bring.
- Ons bid vir die Gesinsbyeenkoms wat vandag plaasvind en dra ons gemeente se gesinne aan die Here op.
- Ons bid vir ons leraars.
- Ons bid vir die Vrouediensbyeenkoms van 8 Mei 2018.
- Ons herinner die Here dat dit nou hierdie streek se reënseisoen is en ons bid vir reën om die droogte te breek.

INTERNASIONALE DAG VAN GEBED

Op 20 Mei 2018 is dit Pinksterfees en ook 'n Internasionale Dag van Gebed. In ons gemeenskap vier ons dit in die NG Kerksaal in Eerstelaan om 15:00. Met hierdie geleentheid word die afsluiting van Pinkster gevier, maar alle christelike kerke in Kleinmond kom ook bymekaar om vir die streek en vir Suid Afrika in te tree. Verskillende geestelike leiers gaan voor in gebed en daar word in klein groepies gebid. Die doel van die byeenkoms is om God te eer vir sy almag en sorg en om Sy belange te bevorder. Ons Kogelbergstreek en Suid Afrika is blootgestel aan negatiwiteit en verval en ons beroep ons op ons Vader vir wyshied, insig en beskerming.

INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Die saambid geleentheid vind weer plaas op **Sondag 6 Mei 2018 om 16:30 in die VG Kerk in Proteadorp**. Let asb.daarop dat die tyd en lokaal verander het.

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

6 Mei 2018

Welkom by die Erediens

09:00 Erediens: ACSV Kampterrein Dr Chris Malan

09:00 Erediens: Hangklip - Ds. Steven Sass

09:30 Erediens: Kleinmond - Ds. Jannie Hougaard

Deurkollekte: Pinksterdankoffer

DONDERDAG 10 MEI
HEMELVAARTDIENSTE
Kleinmond 09:00 en 18:30 in die kerkgebou
Hangklip 18:30 in die gemeentesentrum

Eredienste Sondag 13 Mei 2018

08:30	Erediens Kerksaal
09:00	Erediens Hangklip
09:30	Erediens Kleinmond

Deuroffer Pinksterdankoffer

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

ONS GEE OM

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Ons dink veral aan Johan Smal: HK1 (☎3427),
Johan Naudé: BB5 (☎9955), Ettienne Gouws: BB5 (☎9689),
Lida Fourie: Bb1, Elma Hagen: Bb2 (☎5503),
Jan van der Mescht: Sa1 (☎5836),
Tienie Geldenhuys: Sa4 (☎4814), Schalk Fourie: KB1,
Christa Steenkamp: Sc2 (☎3011),
Gerda le Roux: Sa3 (☎3254), Nols Geldenhuys: Sb3
en Maria Human: Sc4.

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons almal wat vandag verjaar gelukwens:

Lampies Cornelius (BB1), Ami du Plessis (Bb3),
Kobus Feyt (BB1), Elana Schietekat (BB2),
Nic Schoeman (HK3), Leoni van Zyl (KB5).

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Sondag 16:30 Interkerklike gebedsgeleentheid

Maandag 17:30 Hangklip Basaarvergadering

Dinsdag 15:00 Gemeentevroue kuier
16:30 Gebedsgroep
1730 Kommissie vir Finansies

Donderdag Kerkkantoor gesluit op Hemelvaartdag

GEMEENTEVROUE KUIER SAAM

Op Dinsdag 8 Mei om 15:00 kuier ons lekker saam in die kerksaal. Die spreker is Jacquelene Leuvennink en sy praat oor sending in Japan. Kom luister en geniet ‘n lekker koppie tee na die tyd.

PINKSTER: 14-18 EN 20 MEI

Dr. Chris skryf oor die Pinksterreeks:

Ek stap ds. Michiel de Kock se kantoor by N.G. Gemeente Onrusrivier binne, hy’s erg besig en konsentreer nog op sy rekenaarskerm. Ons skud blad. Ons moet gesels oor die komende Pinksterreeks in Hangklip en Kleinmond. “Wat leef in jou hart, Michiel?”, vra ek hom. “Wel”, antwoord hy, “ek werk al van Desember af aan ‘n reeks oor Waag dit met…”. Ek raak opgewonde, só ‘n titel roer iets in my hart en gedagtes. En dan begin hy om na van die Skrifgedeeltes waaruit hy werk, te verwys. En ek raak nog meer opgewonde. Ek vra nuuskierig na die temas waaraan hy al gewerk het… Ons waag dit met Jesus as enigste bate; Ons waag dit met Sy lyding en opstanding; Ons waag dit met die skepping; en Ons waag dit met mekaar en ander. En ek weet dat ek weet hierdie is die tema en reeks vir 2018 se Pinkstertyd! En voordat ek vertrek, bid ons saam… dat die HERE ons sal seën met ons voorbereiding, en dat Hy met elkeen ‘n goddelike afspraak sal hê.

Kleinmond vergader in die kerkgebou soggens om 09:00 en saans om 18:30 o.l.v. dr. Chris.
Hangklip kom om 18:30 saans bymekaar in die gemeentesentrum en ds. Michiel lei die dienste.